DAG 22

Die Woord dra God se asem

Lees 2 Timoteus 3:14-17.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer … (v. 16).

Die Bybel is een van die belangrikste wyses waarop die Here met gelowiges praat. Hoe ek na die Bybel kyk, bepaal watter waarde ek aan God se Woord heg. As ek dit sien as bloot 'n boek met historiese feite, evalueer ek dit slegs op daardie basis. Ek kan die Bybel ook sien as 'n riglyn vir die morele standaarde van my lewe. Dan is dit die somtotaal van die Woord van God se rol in my lewe.

As ek die Bybel egter sien as die geïnspireerde woorde van God, is dit hoe die Woord met my gaan praat. Dit is dan die Heilige Gees van God wat nou hierdie woorde vir my lewend maak. Dan ontdek ek dat die Bybel meer is as die geskrifte van mense. Dit dra die asem van die lewende God.

Daarom moet ek die Bybel benader met die verwagting dat die Here met my persoonlik gaan

praat. Dan word elke letter deur die Gees lewend. Dit bring verkwikking, versterking en inspraak in my lewenswandel. Dan lees ek die Bybel soos die brief van 'n geliefde na wie ek verlang. Die lees daarvan verbly my hart.

Dawid sê dat God se woorde vir hom soeter as heuning sou wees, 'n lig vir sy pad en 'n lamp vir sy voet. So moet dit vir elke gelowige wees, veral vir jou.

Dankie dat u Woord my waarlik voed. Dankie dat dit my lei aangaande u wil vir my.

Aantekeninge: